Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

DESEMBER 2018

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

FEESGROETE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Rld Dudley Coetzee

Die Overstrand gemeenskap is geensins anders as ander gemeenskappe wie uitdagings ondervind het weens die afwaardse neiging van die ekonomie en die onlangse siviele protes aktiwiteite, waarvan die gevolge merkbaar is.

Vir die munisipaliteit en groter gemeenskap, insluitende besighede, was die onlangse paar maande 'n uitdaging. Die oplossing vir die probleme, soos aangedui deur die gemeenskappe, is 'n prioriteit vir die Raad.

Desember is 'n maand van genietinge en 'n spesiale tyd van die jaar, 'n tyd waar familie en vriende bymekaarkom en besin oor die afgelope jaar en die belofte aan moontlikhede wat die Nuwe Jaar mag bring.

Terwyl ons die vakansieseisoen met ons geliefdes herdenk, dink vir 'n oomblik aan diegene minder bevoorreg as onsself en reik 'n helpende hand uit waar ons kan.

Gedurende Kerstyd is daar 'n kultuur van gee en ontvang, mededeelsaamheid en omgee, uitreiking van die hand van vriendskap en rekonsiliasie, en om te verseker dat elke lid van die gemeenskap ingesluit word.

Verder is dit 'n tyd om vir ons naaste om te gee en om liefde en vrede te versprei. Onthou ook om ons natuurlike, ekonomiese, sosiale, kulturele en geestelike omgewing te bewaar. Die grootste geskenk wat ons die seisoen kan gee, is om vir 'n ander tot diens te wees en om saam te werk om Overstrand vry te maak van probleme, misdaad en onreg. Die belangrikste is om die seisoen verantwoordelik te vier. Diegene wat reis na hul vakansie bestemming, reis veilig en kom die padreëls na om die veiligheid van al die betrokkenes te verseker. 'n Spesiale woord van verwelkoming aan al die besoekers in die gebied. Ek hoop julle besoek is genotvol en vol herinneringe.

Namens die Raadslede en personeel van die Overstrand Munisipaliteit wens ek u en u gesinne 'n veilige Kersfees vol vreugde en vrede toe en 'n Gelukkige en Suksesvolle 2019.

OVERSTRAND BEHOU BLOUVLAG STATUS BY DRIE STRANDE

Overstrand se Blouvlag koördineerder Lauren Rainbird (middel), Rdlle Arnie Africa en Grant Cohen, ontvang Overstrand se 2018/19 Blouvlag sertifikate vir Grotto, Hawston, Kleinmond en 'n Loodsstatus vir Castle Strand. By hulle is Dr Thommie Burger, Hoof Uitvoerende Beampte van WESSA (heel links) en Mosselbaai Onderburgemeester Dirk Kotzé (ver regs).

Overstrand Munisipaliteit het weereens die behoud van die Blouvlag status vir Grotto, Kleinmond en Hawston strande verseker, sowel as 'n loots status vir Castle Beach in Pearly Beach.

'n Totaal van 46 strande, 8 marinas en 12 volhoubare toerisme bote in Suid-Afrika het die Blouvlag status vir 2018/2019 ontvang.

Dit was aangekondig tydens die Blouvlag lootsing by Santos Beach in Mosselbaai op 12 Oktober 2018, wat deel gevorm het van die Nasionale Blouvlag program, gekoördineer deur WESSA.

Die Munisipaliteit spog met hierdie toekenning op toerisme vlak, aangesien die Blouvlag deur die Wêreld Toerisme Organisasie as die hoogste internasionale toekenning beskou word wat deur top strande kan ontvang.

Grotto, Kleinmond en Hawston strande bied top lewensreddings standaarde, top ablusie fasiliteite en parkeergeriewe, en natuurlik, toegang vir gestremdes. Dit verseker dat plaaslike sowel as internasionale toeriste die voorreg het om strande te kan geniet met die fasiliteite tot hul beskikking.

Blouvlag status word jaarliks per seisoen toegeken en die munisipaliteite moet jaarliks aansoek doen om die status van hul strande te hernu. Die Blouvlag hersieningspaneel behou die reg voor om lidmaatskap toe te ken of terug te trek indien daar nie aan die kwalifiserende kriteria voldoen word nie.

Om Blouvlag status te bekom, moet daar aan 33 hoof kriteria punte voldoen word, insluitend

- Voldoening aan Blouvlag kriteria
- Inligting rakende plaaslike eko-sisteme
- Omgewingsbestuur van strande
- Strand fasiliteite soos parkering, toegangspunte, netheid
- Toegang vir liggaamlik gestremdes
- Veiligheidsdienste op strande voorsien
- Water kwaliteit, omgewingsopvoeding en inligting.

MUNISIPALE KANTORE SLUIT

Tydens 'n Raadsvergadering gehou op 31 Oktober 2018, is besluit dat alle munisipale kantore in die Overstrand gebied, insluitend biblioteke, maar ander noodsaaklike dienste uitgesluit, gesluit word vir die algemene publiek op Maandag, 24 Desember 2018 en Maandag, 31 Desember 2018 en onderskeidelik sal heropen om 07:45 op Donderdag, 27 Desember 2018, en Donderdag, 3 Januarie 2019.

WATERBEPERKINGS BLY VAN KRAG IN HERMANUS. INWONERS, BESOEKERS KAN HELP OM OVERSTRAND WATERBRONNE TE BEWAAR.

Die Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op besoekers en inwoners om water verantwoordelik te gebruik oor die vakansie feesseisoen deurdat Vlak 2 waterbeperkings in die Hermanus area steeds van krag is.

Indien u munisipale water gebruik om u tuin nat te lei, kan u slegs so doen vir EEN UUR per week,voor 09:00 of na 17:00, slegs vir EEN DAG per week. Die dag per week is bepaal in ooreenstemming met straatnommers. Vir inwoners met ewe nommers, is dit SLEGS Woensdae en vir diegene met onewe nommers, is dit SLEGS Dinsdae.

Die gebruik van besproeiingstelsels word steeds toegelaat, maar slegs vir een uur per week.

Neem ook kennis dat voertuie en bote slegs uit 'n emmer gewas mag word. Die skoonmaak van harde oppervlaktes of geplaveide areas met 'n tuinslag is verbode.

Vanaf 1 Junie 2018 het die eerste vlak van waterbeperekings tariewe alleenlik vir die administratiewe area van Hermanus inwerking getree.

Verbruikers in die algemeen het goeie samewerking gegee, wat grootliks bygedra het tot die positiewe resultate.

"BAGS OF LOVE" VAN STAPEL GESTUUR

"BAGS OF LOVE" GEVUL MET BASIESE BENODIGDHEDE

Hier verskyn Terry McCarthy (links) en Des Collins van die "Society of St Vincent de Paul" saam met Christopher van Niekerk en Bern van Niekerk van Eastcliff Kwikspar. By hulle is Onder-burgemeester Elnora Gillion (regs)

Een van die liefdadigheidsprojekte in die Overstrand,"Bags of Love" was hierdie jaar by die kantoor van die Burgemeester van stapel gestuur op 1 November 2018. Deur hierdie veldtog sal behoeftige families in die Overstrand 'n sak ontvang gevul met basiese kruideniersware en dalk 'n Kersfees verrassing, kort voor Kesfees.

Die prys van 'n voorafverpakte, herwinbare inkopsiesak, is R185 en is beskikbaar by die Eastcliff Kwikspar in Hermanus.

Individue en besighede kan deelneeem deur of geld direk in die bankrekening te deponeer, of wanneer inkopies by Eastcliff Spar gedoen word, die kassiere te versoek om die koste van 'n sak by te voeg en die personeel sal die sak namens jou pak.

Die "Bags of Love" projek word gekoördineer deur die Hermanus Katolieke Kerk en word goed ondersteun deur meeste kerke en ander ruimhartige individue en organisasies soos die Rotariërs.

Verlede jaar is meer as 2 000 sakke versamel en versprei in die area. Die Onderburgemeester, Elnora Gillion, daag inwoners uit om die aantal sakke wat verlede jaar geskenk is, te ewenaar of daarop te verbeter.

Vir verdere inligting, skakel sameroepers Terry McCarthy by 083 255 8614 of Des Collins 082 824 1058.

Moeilike tye vir *volgende begrotingsiklus*



By die Raadsvergadering gehou op Woensdag, 31 Oktober 2018, het die Uitvoerende Burgemeester, Raadsheer Dudley Coetzee bevestig dat die Munisipaliteit tans besig is met die tweede hersiening van die huidige 5 jaar Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) - d.w.s. 2019/20 GOP hersiening.

In sy GOP hersiening rigtinggewende toespraak, het Burgemeester Coetzee verduidelik dat 'n GOP hersiening die Raad die geleentheid bied om "stil te staan en te beoordeel" of ons steeds op koers is om die strategiese rigting wat in die 5 jaar GOP van 2017/2021 gestel is, te bereik.

Die Burgemeester het 'n beroep gedoen op alle rolspelers om aktief deel te neem en die platforms te gebruik wat geskep is vir die 2019/20 GOP en Begroting hersieningsproses.

"Soos altyd sal die publiek die geleentheid gebied word om skriftelike insette te lewer op beide die konsep GOP hersiening en die Konsep Begroitng in April 2019" het hy gesê.

Verdermeer moet kennis geneem word dat vir hierdie 2019/20 GOP hersiening die Overstrand Uitvoerende Bestuurspan gesamentlik besluit het om die strategiese rigting te behou wat gestel is in die huidige 5 jaar GOP. Die visie, missie en strategiese doelwitte sal daarom onveranderd gelaat word.

Met hierdie 2019/20 GOP hersieningsproses "erken ons die hoogtepunte van die afgelope finansiële jaar, maar meer belangrik die areas wat ons aandag benodig soos ons vorentoe beweeg" het die Burgemeester bygevoeg.

Die voorlopige prioriteite vir die 2019/20 GOP hersieningsproses is die volgende:

1. Die burgerlike oproerigheid van die afgelope paar maande wat op ons gemeenskap geimpakteer het. Die Munisipaliteit het 'n mediasieproses geïnisieer tussen alle geaffekteerde partye. Ons sal ook 'n strategie goedkeur en implementeer om met burgerlike oproerigheid binne die Munisipaliteit te handel.
2. Ons wil 'n diversiteit bestuursinisiatief van stapel stuur om onder andere anti-rassisme binne die Overstrand te bevorder.
3. Deur ons kommunikasie pogings wil ons pro-aktief wees om die verhouding tussen die Munisipaliteit en ons Overstrand gemeenskap te herstel.
4. Die Munisipaliteit erken die al hoe groter - wordende behuisingsnood.
   Van die voorgestelde aksier sluit in:
   a. Herbesin oor ons behuising strategie - ondersoek die voorsiening van meer gedienste persele en minder top-strukture;
   b. Ondersoek die skepping van 'n nuwe dorp as uitbreiding van 'n bestaande dorp binne die Groter Hermanus;
   c. Ondersoek voorstelle vir die "bestuur" van agterplaas strukture in die Overstrand.
5. Daar is 'n behoefte aan staatsondersteuningsdienste in die munisipale gebied om sosiale opheffing te bevorder. Ons moet ons pogings versterk om staatsdepartemente aan te moedig om permanente kantoorruimte by die Hawston Thusong-sentrum op te neem. Ook moet ons fondse bekom vir die uitbreiding van die Thusong-sentrum
6. Ons sal die Verordening vir informele handel finaliseer met die oog daarop om die informele ekonomie in benadeelde gebiede te stimuleer.
7. Die hersiening van ons Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (SDF) is in proses en dit moet ruimte laat vir groei en ontwikkeling in die munisipale gebied.
8. Ons is besig met die herinstelling van ons afvalherwinningstrategie.

DAG VAN HERINNERING: EINDE VAN EERSTE WÊRELD OORLOG OP AANDOENLIKE WYSE HERDENK

ONS SAL NIE VERGEET: *Snr Superintendent Yvienne Smith (links), Burgemeester Dudley Coetzee, Moth Llewellyn Tiltmann en Junior Burgemeester Claudia Weich het kranse gelê tydens die seremonie in Hermanus*

'n Diens is op Sondagoggend, 11 November 2018, gehou as herdenking van die Dag van Herinnering (ook bekend as Poppiedag). Oorlogsveterane, vriende en families het by die Oorlog gedenksteen by die Ou Hawe vergader.

Die klanke van 'n enkele beuel wat die *Last Post* speel was om 11:00, die presiese tyd wat die Eerste Wêreldoorlog beëindig is op 11 November 1918, opgevolg met twee minute stilte ter ere van diegene wie die hoogste prys betaal het vir ons vryheid. Die eerste minuut was vir diegene wie gesneuwel het tydens die oorlog, en die tweede vir diegene wie teruggekeer het.

Nadat hy 'n krans namens die Overstrand gemeenskap gelê het, het Burgemeester Dudley Coetzee gesê: "Terwyl ons bymekaarkom om te herdenk, moet ons ook ons plig onthou - om die toekomstige geslagte te leer van die opofferings wat gemaak is. Herinnering moet die belangrikste van ons nasionale bewustheid wees, om diegene te onthou wat hul lewens tydens veldslae opgeoffer het sodat ons vandag hier kan wees."

Hy het almal bedank wat betrokke was by die reëlings rondom die geleentheid, spesifiek die Regiment Westelike Provincie, wat tans die Vryheid van Overstrand besit, en die "*Old Bill*" van die Seagull Shellhole, die plaaslike eenheid van die MOTH's ("*Memorable Order of the Tin Hats*") wie die geleentheid gereël het.

Lede van die publiek was ook die geleentheid gebied om hul laaste eer te bewys deur 'n roos aan die voet van die gedenksteen te plaas.

Op 'n kaartjie wat aan die poppies gebind was, het gelees: *"We never knew you, but we know of you - we will never forget your selfless sacrifice. Thank you."*

BAIE BELANGRIK

Kennisgewing aan informele bewoners op die ou Hermanus stortingsterrein.

Hierdie kennisgewing is om die gemeenskap in te lig rakende die potensiële risiko van die gas komende van die ou stortingsterrein, metodes om dit te voorkom en die gevaar verbonde aan die oprigting van tydelike behuising op 'n ongerehabiliteerde stortingsterrein.

Die Ou Hermanus Stortingsterrein het gewone afval (vullis) ontvang. Gewone afval bestaan uit huishoudelike en besigheidsafval soos ou voedsel, papier, plastiek, tuinvullis ens.

Afvalgasse kom voor wanneer die organiese gedeelte (voedsel en tuinvullis) van die afval begin verrot. Hierdie verrottingsproses veroorsaak 'n gas wat hoofsaaklik bestaan uit koolstofdioksied en metaan. Koolstofdioksied is kleurloos, reukloos en nie-vlambaar. Metaan is ook kleurloos en reukloos, maar is vlambaar.

Afvalgasse is moontlik gevaarlik wanneer dit vasgevang word sodat dit nie met natuurlike lugvloei kan meng nie. Die waarskynlikste plekke waar dit kan gebeur, is naby die stortingsterrein in loopgrawe, opgrawings, mangate, informele strukture, ens.

Afvalgas kan tot 100m vanaf die stortingsterrein deur die grond migreer.

Die gemeenskap is gedurende Oktober 2018 per kennisgewing bewus gemaak van hierdie gevaar en versoek om nie strukture op die stortingsterrein op te rig nie.

Gasmonsters is geneem en die resultate van die toetse deur gas spesialiste dui daarop dat daar 'n definitiewe risiko van gevaarlike gasse is wat die gemeenskap moontlik kan benadeel.

Die Munisipaliteit Overstrand herhaal derhalwe die feit dat die gebied nie vir residensiële gebruik geskik is nie.

FEITE VAN DIE HOFBEVEL VIR SCHULPHOEK GROND

Munisipaliteit Overstrand wil graag die rekord regstel op die hofbevel vir die Schulphoek-grond wat op Vrydag 26 Oktober 2018 toegestaan is.

Met betrekking tot 'n onlangse koerantberig wat feitelik verkeerd is, meer spesifiek die artikel wat berig dat die hofbevel van die munisipaliteit vereis om onmiddellik op te tree om verdere grondbesetting van die eiendom te voorkom. Die plasing van hierdie artikel skep die persepsie dat die Munisipaliteit nie ooreenkomstig die bepalings van 'n hofbevel optree nie.

Die Munisipaliteit wil graag die saak in perspektief stel:

'n Tussentydse bevel is slegs toegestaan teen die okkupeerders om verdere onwettige besetting te voorkom. Die aansoeker het op 6 November 2018 'n bevel teen die munisipaliteit gelas wat die munisipaliteit sal teenstaan.

Ons het nie die mandaat om onwettige besettings op private grond te voorkom nie. Die grondeienaar moet dit doen, indien nodig, ondersteun deur die polisie.

Wat om in die interim te doen met herwinbare vullis

Die herwinningsaanleg in Hermanus is onherstelbaar beskadig gedurende die onlangse onluste en gevolglik het gerugte op sosiale media die rondte gedoen dat inwoners hulle herwinbare afval kan stort by die stortingsfasiliteit te OK Mini-mark in Voëlklip.

Ongelukkig is die munisipaliteit nie in hierdie saak geken nie, met die gevolg dat hierdie fasiliteit, aanvanklik slegs geoormerk as 'n "naweek" stortingsfasiliteit, nou oorlaai word.

In die tussentyd het Jacques van Niekerk van Walker Bay Recycling bevestig dat hulle in die proses is om 'n klein sorteringsfasiliteit daar te stel in Sandbaai se industriële gebied.

Ofskoon hulle fasiliteit tans baie beperk is, nooi Van Niekerk besorgde Hermanus inwoners uit om hul herwinbare vullis te stort by die nuwe fasiliteit te Argonstraat, Sandbaai industriële gebied.

"Ons herwin karton, papier, glas en plastiek" sê Van Niekerk, "en mense is welkom om my te skakel by 083 452 7465 indien hulle enige navrae het".

Intussen gaan die munisipaliteit voort met beplanning van 'n nuwe herwinnings-fasiliteit ten einde die volle "deursigtige plastieksak" diens sowel as 'n stortingsterrein vir tuinvullis en huishoudelike afval weereens aan inwoners beskikbaar te stel.

In ooreenstemming met munisipale wetgewing, sal openbare tenders vir die bedryf van die nuwe herwinningsaanleg gevra word en die publiek sal ten alle tye op hoogte gehou word van die vordering in hierdie verband.

In die tussentyd word inwoners aangemoedig om te hou by die gewone dae en reëlings met betrekking tot die versameling van huishoudelike afval.

Neem ook kennis dat die ander oorlaaistasies en stortingsterreine steeds operasioneel is en dat hierdie fasiliteite gebruik moet word vir die storting van huishoudelike afval en tuinvullis (vragte kleiner as 1 ton).

Alle kommersiële vragte (vullis, bourommel en tuinvullis) moet nog steeds by die Karwyderskraal streekstortingsterrein gestort word.

WAAROM IS SIGBARE STRAATNOMMERS NODIG?

Munisipaliteit Overstrand versoek huiseienaars om te verseker dat die straatnommer van hul eiendom sigbaar vanaf die straat teen 'n muur, deur en / of hek vertoon word.

Tans word die erfnommers in Bettysbaai, Pringlebaai en Rooi-Els vertoon, maar dit moet verander word. Die Kleinmond Administrasie sal binne die afsienbare toekoms die aanpassing na straatnommers via sy wykskomitees beplan en implementeer.

Dit sal nie net waardevolle tyd bespaar wanneer 'n ambulans, brandweer of polisie in noodgevalle uitgeroep word nie, maar dit help ook die Munisipaliteit wanneer dienste gelewer en klagtes ondersoek word.

Volgens die Verordening met betrekking tot strate, openbare plekke en die voorkoming van openbare onrus, moet alle persele - hetsy residensieel (woonhuise of woonstelle) of kommersieel - altyd 'n nommer vertoon wat duidelik sigbaar en leesbaar is vanaf 'n hoogte van 1,5 m bokant die middellyn van die aangrensende pad of ryvlak.

Indien onseker van 'n presiese straatadres, verwys na die munisipale rekening: Die naam van die straat en die nommer van die eiendom moet reg onder die rekeninghouer se naam verskyn. As hierdie besonderhede nie ooreenstem met die fisiese adres nie, kontak asseblief die hulptoonbank by die munisipale kantore in u area. Let in hierdie verband daarop dat in die geval van hoek eiendomme die hoof-ingang van die eiendom oor die algemeen as die toegangsadres beskou sal word.

Indien u verdere hulp benodig om u straatadres te bepaal, skakel gerus die Direktoraat: Infrastruktuur en Beplanning by een van die volgende nommers: Hermanus 028 313 8000, Kleinmond 028 271 8400, Gansbaai 028 384 8300, Stanford 028 341 8500, of stuur 'n e-pos aan enquiry@overstrand.gov.za.

GEEN VUURWERKE IN OVERSTRAND

Munisipaliteit Overstrand het die gebruik van vuurwerke te enige tyd te enige plek verbied.

Let ook daarop dat die gebruik van 'n plofbare item, spesifiek Chinese lanterns, klappers en fakkels, vir enige ander doel as 'n noodgeval, deur die wet verbied word.

Ons moedig inwoners en besoekers aan om oordeelkundig op te tree en moenie eens oorweeg om hierdie items af te vuur nie, aangesien u nie kan bepaal waar dit mag land nie en 'n brand met gevolglike verliese kan veroorsaak.

Die Wet op Ontploffings wat die verkoop van vuurwerke verbied, word deur die SAPD afgedwing. Winkels wat na bewering onwettige vuurwerke verkoop, kan verseker wees dat wetstoepassingsagentskappe sal optree teen enige persoon wat onverantwoordelik en buite die voorgeskrewe wetgewing optree.

Wees gewaarsku - straatverkopers mag nie vuurwerke verkoop nie en dit is onwettig om vuurwerke op die strand of in enige openbare gebied af te vuur.

Meld asseblief enige onwettighede aan by u naaste polisiekantoor:

Hermanus	**028 313 5300**
Gansbaai	**028 384 0201**
Stanford	**028 341 0601**
Kleinmond	**028 271 8200**

Die munisipaliteit sal voortgaan om met SAPD saam te werk ten einde die veiligheid van die gemeenskap te verseker.

Enige spesiale versoek rakende georganiseerde vuurwerk vertonings moet direk gerig word aan SAPS en nadat hulle die versoek goedgekeur het, sal die Brandweerhoof die aansoek oorweeg.

WENKE VIR BRANDVEILIGHEID

In aanloop tot die brandseisoen, doen ons 'n beroep op gemeenskappe om meer bedag te wees en nie onnodige brande veral gedurende die droër dae te stig nie.

Verwyder onnodige rommel op u eiendom wat 'n ernstige brandrisiko kan inhou. Voorts moet huiseienaars aanliggend tot grasareas verseker dat daar voldoende brandstroke tussen hul eiendomme en die grasareas is.

Inwoners moet oorgroeide takke naby hul eiendomme sny en ook verseker dat hul huisgeute skoon is van blare, aangesien blare wat in geute beland 'n brandrisiko kan inhou.

Hou die kontakbesonderhede van u plaaslike brandweerkantoor byderhand in geval van 'n brand.

Kontakbesonderhede:

- In noodgeval kontak Overstrand se Brand, Redding en Rampbestuur by 023 312 2400. Alternatiewelik kontak Munisipaliteit Overstrand se 24 uur beheerkamer by 028 313 8000 / 8111.
- Stoor die kontaknommer op u selfoon en leer dit aan u kinders.

Daantjie Kat, die verkeersveiligheidkarakter in gesprek met die Hawston Kadette oor #padveiligheid en # brandbewustheid.

OPDATERING VAN BEHUISINGSBEHOEFTE WAGLYS (*BEHUISINGSWAGLYS*)

Munisipaliteit Overstrand het op 1 November 2018 'n verifikasie proses begin waar gemeenskapslede wat regeringsgesubsidieerde behuisingsgeleenthede benodig, moet bevestig dat alle bestaande inligting korrek en opgedateer is, of om te registreer as nuwe aansoeker.

Tot op 31 Oktober 2018 is 8 201 aansoekers op die databasis geregistreer, maar van die inligting van individuele begunstigdes mag verouderd wees, byvoorbeeld verandering aan inkomste, aantal afhanklikes, adres, ens.

Die Finansiering Gekoppelde Individuele Subsidieprogram (FLISP) se inkomsteperk per huishouding is in Julie 2018 verhoog van R15 000 na R22 000 en dit skep daarom 'n geleentheid vir meer persone om te registreer of om hul inligting te verifieer.

Die behuisingsbehoefte in Overstrand is ook geplaas op die Provinsiale Behuisingsbehoeftewaglys en daarom is dit uiters belangrik, en in hul eie belang, dat geaffekteerde persone saamwerk en hul inligting opdateer.

Die projek is ook ondersteunend tot beplanning van toekomstige behuisingsprojekte. Inwoners het tot 30 November 2018 die geleentheid om hul inligting op te dateer.

Vir verdere navrae, kontak die behuisingskantoor:

KLEINMOND (Joseph Smith): 5de Laan 33, Kleinmond; Tel: 028 271 8400/8424

HERMANUS (Bernard Fortuin/Aron Gcotyelwa): Magnoliastraatt, Hermanus; Tel: 028 313 8000/8111 or 028 313 8148

STANFORD (Lungelwa Mamama): Queen Victoriastraat 17, Stanford; Tel: 028 384 8500 or 028 384 8327

GANSBAAI (Lungelwa Mamama): Hoofweg, Gansbaai; Tel: 028 384 8300/8327